

HOOFSTUK II

DIE VERSKIL TUSSEN AFRIKAANS EN NEDERLANDS

§1.—*Oor die Betreklikheid van 'n paar Begrippe*

In die hoofstuk oor die verwantskap tussen Afrikaans en Nederlands was daar in die eerste plaas sprake van ooreenstemminge — is gesoek na trekke van familieskap. Die proef op die som is dat 'n Afrikaner met 'n bietjie goeie wil Nederlands gou met gemak kan lees — en 'n Nederlander Afrikaans. Die twee vorme staan inderdaad nader aan mekaar as enige ander twee Germaanse tale (Vlaams is nog nie as 'n aparte taal te beskou nie). Ons kan met ander woorde die gemeenskaplikheid van die twee kultuurtale nouliks genoeg beklemtoon ter wille van die helaas al te dikwels verwaarloosde wedersydse geestesverryking wat daar vir altwee nasies van mekaar te hale is. Die goeie gesindheid ontbreek veelal omdat die aksent nie op die eendersheid val nie, maar op die andersheid.

Nogtans hoef die benadrukking van die verskille geen gevoel van onwil te wek nie, want dit bring juis die bekoorlikheid van 'n eie karakter na vore. Ten opsigte van Afrikaans toon dit hoekom hierdie taal naas Nederlands 'n eie plek inneem. Dit is nie net 'n voortsetting van die dialekte waaruit dit spruit nie, want Afrikaans het nie net geërf nie, dit het eweseer veel self verwerf. Dit is 'n kind van 'n ander omgewing en van nuwe omstandighede.

Daarom het Afrikaans benewens sy klanke, vorme, woorde en wendinge wat ons aan die gemeenskaplike oorsprong herinner, 'n eie sfeer en 'n aparte vitaliteit. Die eerste kennismaking van 'n Afrikaanse kind met Nederlands ontlok aan hom opmerkinge soos: Nederlands is moeilik, dit is vol onnodige dinge, die *de-* en *bet-*woorde is 'n lastige onderskeiding, die verlede tydsvorm van die werkwoord klink vreemd en party woorde is deur fleksie te vol, te vet, asof hulle „wind gesluk” het. Hoekom kan Nederlands 'n ding nie reguit en maklik sê nie?

Die Nederlanders se indruk van Afrikaans met eerste kennismaking is wesentlik dieselfde van die ander kant besien: Afrikaans doen kinderlik aan en naïef, is amper primitief en ouderwets; party woorde en vorme laat hom dink aan die foutiewe Nederlands van 'n kleuter wat nog die taal aanleer of van 'n vreemdeling. Wat hom dus hinder, is nie sy te-veel nie (dit is vir hom trouens die normale!) maar die Afrikaanse te-min.

In die grond van die saak is dit by albei groepe net 'n kwessie van gewoonte en assosiasie. Waaraan elkeen gewoon is, is vir hom mooi en natuurlik; en as die toonaangewende middelklas en die hoëlui dit buitendien ook gebruik, is dit beskaaf en modieus, ongeag watter waarde so 'n bepaalde geval vroeër aangekleef het. Afrikaans is self in vroeër jare bestempel as Plat-Hollands, dit wil sê, veel wat b.v. in die *Patriot*-tyd van die vorige eeu uitgeskel is as plat en lelik, geld vandag algemeen by ons as beskaaf en mooi.

Die platheid as sodanig is dus nie 'n kenmerk van die klank of vorm of woord sonder meer nie. *Blom* klink

beskaaf in Afrikaans, in Nederlands is dit dialekties; om te *denk* hinder die Afrikaanse oor as argaïsties, soos ook om iemand nader te *wenk*, maar in Nederlands is dit weer in die tel. Bowendien erken ons selfs ablei klanke as mooi in verwante woorde soos: *dink* en *denker*; *bring* en *opbrengs*, *win* en *wen* (as wisselvorm), of 'n mens kan die Bybel in Afrikaans oorsit en dit heet 'n Afrikaanse Bybeloorsitting.

Op dieselfde wyse is dit vir 'n opgevoede Nederlander en Engelsman onderskeidelik verkeerd om te sê: *Ons gaan naar huis* of *Us go home*, maar in orde vir 'n Afrikaner om *ons* as onderwerp te besig. Dit is van toepassing op alle gevalle wat deur voortdurende gebruik in die toonaangewende kringe tot reël geadel is.

Ten slotte moet onthou word dat as ons tale ten opsigte van sekere eienaardighede vergelyk, die vergelykings ook slegs betreklike waarde het. As daar beweer word dat Afrikaans vergeleke met Nederlands gedeflekteer en hiperanalities is, is dit so ongeveer korrek, maar vergeleke met Ou-Hoogduits is Nederlands op sy beurt arm aan buigingsmiddele en maak dit ruimer gebruik van hulpwoorde en onderskikking (in plaas van neweskikking) in die sinsbou. Die terme is dus net binne sekere grense houdbaar.

Terloops word opgemerk dat daar in hierdie hoofstuk sprake is van 'n vergelyking tussen Nederlands en Afrikaans in hulle huidige vorme as kultuurtale. Baie verskille hou alleen steek solank dit die maatstaf bly, maar mag wegval as die dialekte van toe of tans in aanmerking geneem word. 'n Statiese vergelyking soos hier het ongelukkig ook 'n dogmatiese karakter wat wel duidelik is maar nie altyd volstrek juis nie.

§2.—*Aksentwerking*

Die Germaanse ekspiratoriese aksent met 'n saambolling van krag op die stamlettergreep het van die Oergermaanse tyd af 'n groot „verwoesting” in die voorkoms van die woorde veroorsaak. Die lettergrepe wat nie die hoofklem het nie, het in die gedrang gekom. Die heldere klinkers is verdoef, die dowwe klinkers het verdwyn. So het ons onder vele twee belangrike gebeurtenisse hierdeur sien te voorskyn tree:

(a) Die verdwyning van die verdoefte vokale in die swakbeklemtoonde lettergrepe het die woorde korter laat word totdat in party gevalle 'n toestand van eenlettergrepigheid bereik is.

(b) Die verdwyning van lettergrepe het in die verbuiging en vervoeging veroorsaak dat twee vroeër verskillende vorme kan saamval, sodat daardeur 'n manier van onderskeiding verlore raak. As dit 'n belangrike verlies is, word dit op een of ander manier weer vergoed. Is die verlies nie belangrik nie, het die nuwe toestand kans van bestending of kan analogiewerkinge nuwe groepe in die lewe roep.

Laasgenoemde punt kom weer later ter sprake, daarom bepaal ons ons voorlopig slegs by (a) hierbo.

Vergeleke met Algemeen-Beskaafde Nederlands het Afrikaans veel verder ontwikkel op die pad na eenlettergrepigheid, in so 'n mate selfs dat gewone woorde by die eerste oogopslag vir 'n Nederlander vreemd mag lyk. Uit die massa gevalle (wat na willekeur vermenigvuldig kan word) kan 'n paar met die oog op verduideliking aangehaal word.

(i) Verdwyning van 'n lettergreep aan die begin van 'n woord: *geloof* word as werkwoord *glo*; *berei(den)* word (*velle*) *brei*; *verrot* word *vrot*; *terug* verskyn ook as *tru* (b.v. in *tru staan*); en *vallei* as *vlei*; *klei(n)jóng* word *klong*, *immers mos* en *goeiendand* (uit *goeden avond*) *naand*. Persoonsname bied baie voorbeelde.

(ii) Verdwyning van 'n lettergreep in die middel van 'n woord: b.v. in die gevalle van 'n intervokaliëse *g*, *d* en *v* (ook *b*), liefs na 'n lang vokaal onder aksent. Vergelyk vir die *g*: Ndl. *wagen*, Afr. *wa* (of *waen*-huis); Ndl. *vogel*, Afr. *voël* (of *vol*-struis); *zwager* en *swaer*; *tijger* en *tier*; maar daarnaas *poging*, *knaging* ens. om 'n duidelike rede; vir die *d*: Ndl. *ledig* en Afr. *leeg*; *zadel* en *saal*; *ladder* en *leer*; *klederen* en *klere*. In bepaalde gevalle (b.v. graag na geronde vokale) gaan die *d* oor in 'n *i*, Ndl. *rode* en Afr. *rooie*, *raden* en *raai*. Daarteenoor egter staan om redes van verheuenheid en styl *vader* en *moeder*, en meestal *nederlaag* e.d. Vir die *v*: *toveren*, om te *toor*, *over*—*oor*; *oven*—*oond*; *avond*—*aand*, maar daarnewens *stewel*, *gewer*, *ywerig*. 'n Algemene uitsondering op die uitstoting van die intervokaliëse *d* of *g* is die gevalle waar die voorafgaande klinker kort is, soos in *gladde*, *sagte*.

(iii) Verdwyning van 'n onbeklemtoonde lettergreep aan die einde van 'n woord; hieronder sorteer verreweg die meeste van al die gevalle. Daar is *bly* (naas *blydskap* of *oorblyfsel*, d.w.s. die Ndl. woorde *blijde* en *blijven* val saam in Afr.); *bê* (uit *hebben*, bv. *onbebbelik*); *lé* (uit Ndl. *liggen* en *leggen*, vgl. Afr. *ligging* en *uitleg*; dus weer twee Nederlandse woorde wat by ons saamval); *gee* (uit *geven*); en hierby hoort die menigte buigings- en

vervoegingsuitgange wat verlore gegaan het, b.v. *om te dink* uit *te denken*.

As eenlettergrepigheid bereik is, beteken dit nie dat die aksentwerking eindelik tot rus gekom het nie, omdat moontlike aanleuninge altyd weer nuwe gebiede kan open, b.v. *dit is* word *dis*, *net so as* word *nes*.

Tot sover was daar sprake van 'n toestand van uiteindelijke eenlettergrepigheid. Ook waar die stand van sake nie bereik is nie, kan die uitwerking van die klemtoon natuurlik ewe goed nagegaan word, b.v. om klinkers te verdof (Afr. *kweper* en Ndl. *kweeper*; *appelkoos* en *abrikoos*; *bul* en *bulle* uit vroeëre *bullieden*; *watter* uit *wat voor*; *sommer* uit *zomaar*; *verby* uit *voorby*) en om lettergrepe uit te stoot (*stroomis* uit *stroom-buis*; *aans* uit *aanstonds*; *oomblik* uit *ogenblik*; *oral* uit *overal*; *bokant* uit *bovenkant*; *moontlik* uit *mogelijk*; *opdraand* uit *opdragend*; *teenwoordig* uit *tegenwoordig*). Sommige doeblette gee 'n goeie beeld van hoe die klem die woord kan verander: *dadelik* en *dalk*; *daarom* en *darem*; *einde* en *ent*; *voor* en *vir*; *bra* en *braaf*, *tabak* en *sy twak is nat*.

Daar moet weer benadruk word dat die gebied waar die aksent vir hom as 'n wysigende mag die sterkste laat geld het, die vormleer is.

Omdat die indruk moontlik gewek is, moet in die verbygaan net gewaarsku word dat daar in die proses van verandering en ontwikkeling nie noodwendig of altyd 'n resultaat van verkorting verwag moet word nie. Daar is b.v. inlassings (*yster* teenoor Ndl. *ijzer*, *agterlosig* teenoor *achteloosig*) maar ook aanlassings voor en agter aan woorde (*reent* en *regen*; *nuut* en *nieuw*; *oond* en *oven*; *moeg* en *moe* (uit *moede*); *rats* (Ndl. *rat*); *meteens* (Ndl. *meteen*); en *naand* teenoor *aand* en *avond*). Veel opvallender is

dit nog in die vormleer (b.v. die klein meisietjie, eiers) en in die sinsleer (dubbele nie, bet gekom naas kwam ens.)

§3.—Klankbeeld /

In verskeie verdere opsigte is daar in die geskrewe klankbeeld opvallende verskille. Dit is voldoende om net 'n paar te noem van die wat die sterkste in die oog val.

Aan die einde van woorde mis Afrikaans teenoor Nederlands dikwels medeklinkers, b.v. *t* in verbinding met stemlose klanke soos *f*, *g* (as *ch* gespel), *s*, *p* en *k* (ook met *c* gespel). Vergelyk *geschryft* / *geskrif* (maar *geskryfte*); *nacht* / *nag* (maar *nagte*); *last* / *las* (maar *laste*); *manuscript* / *manuskrip* (maar *manuskripte*); *product* / *produk* (maar *produkte*). Ook die *d* val in Afrikaans maklik weg, soos na *f*, *g*, *l*, *m*, *n* en *r* in die volgende verlede deelwoorde: *hy is afgeleef*; *dit is afgesaag*; *hy het gebedel*; *ons is beskerm*; *die pad is gebaan*; *die stad is beleër*. Die slot *-n* word in Afrikaans weggelaat waar die Nederlandse Algemeen-Beskaafd dit skryf, b.v. in die meervoude: *bande*, *mense*, in *gewete*, 'n *gegewe*, *gebore* e.d.

Die oog word by die lees van Nederlands getref deur die beginklanke *z* en *sch*, en as ons die beginsel konsekwent toegepas het, sou ons ook 'n *f* i.p.v. die begin *v* geskryf het soos in die *Patriot*-tyd na 1892 (*fan*; *fir*). Die ooreenstemmende Afrikaanse *s*, *sk* en *f* (as *v* geskryf) bring in beeld dat hulle stemloos is terwyl hulle in die Nederlandse Algemeen-Beskaafd vergelykenderwys stemhebbend is.

Die klinkers toon orals afwykinge aan, en uit die baie gee ons (*a*) Afrikaanse umlaut *eu* vir *oo* in sommige woorde: *seun* / *zoon*; *deur* / *door*; *meul(e)* / *molen*; *beuning* / *bonig*. Daarteenoor staan in albei tale sonder umlaut

koning, woning, voor, hoog (maar *verbeug*) ens. (b) Afrikaanse *o* vir *oe*: *blom* | *bloem*; *trop* | *troep*; *sop* | *soep*. (c) Afrikaanse *e* voor *r* plus konsonant vir Nederlands *aa*: *stert* | *staart*; *kers* | *kaars*; *regverdig* | *rechtvaardig*, ens., maar *bart, smart, kaart, aarde* (hoewel ook *ert-appel, grond op-ert; erdwurm; erdekan*), *waarde* (hoewel *werd*) ens. Ander afwykings onder die hoof is die Afrikaanse: *gars, vars, barsings, bartebees* e.d. waar Ndl. 'n *e* het.

'n Duidelike verskil is nog die velarisasie in woorde soos *koring* (*koorn*); *ketting* (*keten*); *iemand vertoring* (*vertoornen*); *kussing* (*kussen*); in die groep *goingsak* (*gonje*); *pluings* (*plunje*) — maar *oranje*; in 'n ander groep soos *seggingskap* (*zeggenskap*); *barsings* (*bersenen*); en eindelijk in leenwoorde soos *banja(k)* wat *banje* (waaruit *baie*) geword het met as 'n wisselvorm *baing*; *narsings* naas *narcis*.

Ter wille van die perspektief kan voorlopig gemeld word dat Nederlands nie altyd as die konserwatiewe vorm beskou moet word nie, m.a.w. dit is nie altoos Afrikaans wat afgewyk het nie, inteendeel. Die drie gevalle onder klinkerverskille hierbo genoem, is al drie b.v. gewoon in die huidige Nederlandse dialekte en uit skriftelike oorleweringe kan ons vasstel dat hulle ook voor 1652 reeds algemeen voorgekom het, m.a.w. sekerlik in Afrikaans oorgeërf is. Sowel Afrikaans as Nederlands reflekteer hier bewaarde sewentiende-eeuse klankverskynsels sodat nie een van die twee ten opsigte daarvan juis afwyk nie.

§4.—*Analogiewerking, Funksieverandering en Verwarring deurdat woorde in formele opsigte saamval.*

Uit paragrawe 2 en 3 het dit geblyk dat die afslyting deur aksentwerking of andersins dikwels twee vorme laat saamval wat vroeër van mekaar verskil het. Aan

die een kant is dit 'n vereenvoudiging, maar dit kan ook soms 'n mate van verwarring stig en nuwe afwykinge ten gevolge hê. In Nederlands het ons 'n reeks s.nwe. op $s+t$, wat volgens die gewone reël die meervoud op *-en* vorm, b.v. *nest* | *nesten*; *kast* | *kasten*; *feest* | *feesten*. Hulle word sowel in die enkelv. as in die mv. vanself onderskei van 'n ander reeks op *-s*, mv. *-(s)en*, b.v. *mes* | *messen*, *les* | *lessen*. Laasgenoemde is 'n betreklik klein groepie woorde. In Afrikaans egter val die twee groepe in die enkelvoud saam, dus: *nes*, *kas*, *fees*, *mes*, *les*. In die meervoud word hulle nog uiteengehou, maar die sterkste groep werk verowerend in op die swakste, en so kry ons *jaste* (i.p.v. *jasse*), *lieste* (b.v. van koeie), *daste*, *adreste*, *boste* (*wortels*), hoewel hulle nie almal in die skryftaal erken word nie.

Analogiewerking sien ons op 'n ander plan in die verkorting van die ou gerekte klinker in mve. soos *dakke* (Ndl. *dāken*); *grafte(s)* (*grāven*); *maatstawwe* (*maatstāven*); *spelle* (*spēlen*, maar in Afr. *speletjies*); *smids* en *smitte* (*smeden* maar in Afr. *goudsmede*, *smedery*, ens.); *slotte* (*sloten*); *statte* en *stede*, met betekenisverskil. Die teenoorgestelde rigting merk ons by wyse van uitsondering ook op, b.v. Ndl. *schildpadden* word in die mv. in Afrikaans verleng tot *skilpaaie*. Verder is daar die analogiese enkelvoudsvorme te noem soos *eier* en *boender* (i.p.v. *ei* en *boen*) wat eintlik meervoude is (vgl. *lam—lammers*; *kind—kinders*; *kalf—kalwers*). *Vark*, mv. *varke* (Ndl. *een varken*, *twee varkens*) hoort hierby as teenbeeld, soos ook *meul* (naas egter *meule*) by Ndl. *een molen*, mv. *molens*.

Die werkwoordstelsel gee hiervan die duidelikste en ingrypendste bewyse. Deurdadig die persoonsvorme van

die werkwoord saamgeval het, is dié vereenvoudiging in Afrikaans tot sy uiterste konsekwensie deurgevoer (*ek, jy, by, ons, julle, hulle, bet, gaan, sing* ens.) By al die groot voordele van gemak, eenvoud en hanteerbaarheid wat dit meebring, raak hiermee tog die besef van sekere onderskeidings in funksie òf in die gedrang òf verlore, en daarmee word die geleentheid geskep om in Afrikaans verder weg van Nederlands af te ontwikkel.

Teenoor die een klas woorde waar dieselfde stam deur inwendige veranderinge (veral ablaut) as wwe. en s.nwe. uitmekaar gehou word (*afbreek—afbreuk* of *afbraak; afskei—afskeid; bid—gebed; bind—band* of *bond; dien—diens; kies—keuse; klae—klag; kook—kok; ry—rit; doen—daad; gaan—gang*, e.d.m.), is daar 'n groep waar wwe. en soms s.nwe. formeel heeltemal ooreenstem in Nederlands. Om te begin, dink aan *te lopen* en *bet lopen in de zon is vermoeiend*. Eintlik word die infinitief hier as s.nw. gebruik, en in Oergermaans kon dit selfs verbuig word, dus naamvalle hê. In Afrikaans het ons enersyds: *om te loop* en *die loop van die rivier, die geweer*, en selfs 'n *droë lopies* (wat in ooreenstemming met Ndl. is), en andersyds *om in die son te loop is vermoeiend* en *die geloop* (of *gelopery*) *in die son is vermoeiend*. In laasgenoemde geval onderskei Afrikaans hom.

Om voort te gaan, kry ons in Afrikaans 'n groot kolonie woorde waar die formele ooreenkoms so volledig is dat meestal alleen nog deur die funksie onderskei kan word of hulle wwe. of s.nwe. is. Vergelyk in Ndl. teenoor *bet werk* nog *ik werk*, maar verder *bij werkt, ik werkte, wij werkten, ik heb gewerkt, ik ben werkend* ens. Die wwe. en s.nwe. kan nog goed uitmekaar gehou word, altans veel beter as in Afr. waar ons teenoor *werk* (en *werke*) by die

ww. slegs *gewerk* en *werkend* as afwykende vorme het. Hierdie noue samehang in Afrikaans maak die oorloop van ww. in s.nw. baie maklik, en daardeur kan weer afwykings tussen Afr. en Ndl. ontstaan. Vergelyk 'n *sny* (*brood*) met *snede*; 'n (slang)*byt* en *beet* (ook *bete*); 'n *gryp* en *greep*; 'n harde *knyp* en *kneep*; die *oorskiet* en *overschot* (of: *stofflike oorskot*); die *ver-spring*-en *sprong*.

Lees ook weer die reël van Visser:

Die *aankom*, die *inkom*, die *wegstap* van haar

Is 'n middel teen seer oë, seker en waar.

Dit verskaf aan Afrikaans substantiveringsmoontlikhede waarvan in toenemende mate vandag gebruik gemaak word en wat die kloof tussen Afrikaans en Nederlands nie help toegooi nie.

Die teenoorgestelde rigting, naamlik om s.nwe. (asook ander rededele) werkwoordelik aan te wend, raak ook al meer uitgebreid, hoewel dit nog veelal tot die kunstaal beperk is, b.v. sy hart *sprinkbaan op* in hom; hulle wil die regering se planne *rysmier*; die voetpaad *streep* teen die rantjie uit. Hierdie neiging, wat aan Ndl. ook nie vreemd is nie, is in Engels verder ontwikkel as in enige ander Germaanse taal, en besorg die personeel van die vertaalburo's baie hoofbrekens.

Ten slotte kan onder die hoof van hierdie paragraaf met 'n laaste verduideliking uit 'n ander terrein volstaan word. Die verlede deelwoord van sterk en swak wwe. kan as b.nwe. gebesig word. Op 'n handjievol verstaanbare uitsonderinge na (b.v. *gedane zaken*, *onvoorzienne uitgaven*) neem die verlede deelwoorde van sterke wwe. in Nederlands geen uitgang aan as hulle as attributiewe b.nwe. voorkom nie, dus *de gesproken woorden*, *het gebroken hart*, *een gegeven paard*; dog die verlede deelwoorde

van swak wwe. word wel verbuig, dus *de gematigde luchtstreken*, of naas *een gemeubileerd bed*, *gemeubileerde kamers*. As ons in Afrikaans praat van *gemeubileerde kamers* en *gematigde lugstreke*, is dit in die haak om te sê dat ons hier die verboë vorme van die deelwoorde het, maar by *gesproke woorde*, *gebroke hart*, 'n *gegewe perd* het ons *nie* werklik verboë vorme nie, al lyk dit op die oog daarna. As hulle verboë was, sou ons gehad het *gesprokene*, *gebroke*, *gegewene*. Hier het ons dus 'n interessante verwarring.

§5.—*By die Selfstandige en Byvoeglike Naamwoorde*

(a) *De* en *Het* val in Afrikaans met *Die*, en ander genusverskille verdwyn.

In Afrikaans onderskei ons alleen in die derde persoon enkelvoud van die persoonlike voornaamwoord tussen manlik, vroulik en onsydig (*by*, *sy*, *dit*). Vroeër was dit egter as algemene reël wyd verbreid by alle nominale groepe. In Duits, die fleksierykste Germaanse taal, onderskei ons vandag nog tussen die drie grammatiese geslagte by s.nwe. deur middel van aparte lidwoorde (*der*, *die* en *das* in die nominatief). Hierdie lidwoorde kan verder in Duits verbuig word, 'n toestand wat vandag in Ndl. prakties verlore gegaan het maar wat in Mnl. nog grotendeels bewaar was. Reste daarvan vind ons in Afrikaans terug in sulke argaïsmes soos die volgende: manl. gen. enk. *desondanks*, *kind des doods*, *smorens* (uit: *des morgens*), *myns insiens*; manl. gen. mv.: *deserdæ*; manl. (of ons.) dat. enkv. *met dien verstande*, *ten onregte*, *ten buise van*; vroul. gen. enkv. 'n *God der Liefde*, 'n *kind der smarte*; vroul. gen. mv. *die Raad der Kerke*; vroul. dat. enkv. *by der band*, *in der baas*, *in der waarheid*, *wel ter tale*, *ter elfder ure*, *ter ere van*, ens.

In die moderne Nederlandse Algemeen-Beskaafd word nog tussen *de-* en *het-*woorde onderskei, laasgenoemde ter aanduiding van die onsydige geslag (of genus), eersgenoemde van die manlike en vroulike tesame. In Afrikaans het ook hierdie twee onderskeidinge verdwyn en 'n genuslose *die* dien nou as enigste bepaalde lidwoord. Net soos b.v. Engels het Afrikaans die vereenvoudiging hier tot sy uiterste konsekwensie deurgevoer sonder dat die helderheid of gespierdheid van die mededeling daaronder ly — inteendeel.

Nie net kan elke s.nw. in Ndl. van sy bepaalde lidwoord vergesel wees nie, maar by 'n klompie woorde word deur verskil van genus ook weergegee verskil van betekenis (soms vanweë verskil van herkoms), b.v. *de pad* (padda) en *het pad* (pad, weg); *de morgen* (môre) en *het morgen* (morg, landmaat); *de maal* (keer) en *het maal* (maaltyd); *de bal* (bal) en *het bal* (dansparty); *de bos* (aantal, b.v. bos sleutels) en *het bos* (woud); *de punt* (leesteken) en *het punt* (onderwerp); *de doek* ('n lap) en *het doek* (materiaal). Die genusverlies het in Afrikaans meegebring dat ons òf nie uiterlik tussen die twee betekenisse onderskei nie en dit sonder moeite of dubbelsinnigheid net uit die verband aflei (b.v. *punt doek, bos*), òf deur uiterlike verskil (môre, more en *morg*; *pad* en *padda*) òf met aparte woorde die onderskeid laat uitkom.

Die samesmelting van *de* en *het* het ook ander afhanklike verskynsels aangetas. So het dit die verskuiwing vergemaklik om in Engelse trant in die spreektaal b.v. na lande, motors, e.d. pronominaal as vroulik i.p.v. manlik te verwys: Holland het *baar* handel uitgebreik al is sy 'n klein landjie.

Die b.nwd. het in sy verbuiging in Nederlands soms nog rekening met die genus gehou. So het 'n b.nwd. geen *e*-uitgang gekry nie as dit by 'n ons. s.nwde. in die enkelvoud staan en voorafgegaan word deur *een, geen, ieder, elk, enig, menig, zeker, welk, veel, weinig, wat*. B.v. *een goed paard, geen slecht sbcrift*. In Afrikaans het hierdie verskynsel verdwyn (vgl. *'n slegte skrif*) en die verbuiging van die b.nwd. berus nou meer as ooit op 'n wet wat veral 'n ritmiese karakter tot grondslag het. Eenlettergrepige attributiewe b.nwde. verbuig nie in Afrikaans nie, meerlettergrepiges wel. Daar is verskeie uitsonderinge op die reël, b.v. dat eenlettergrepige woorde op *d, f, g* en *s* wel 'n *e*-uitgang ontvang, te beskou as die nagalm van 'n eertydse voller vorm, maar dit doen weinig af aan die algemene reël. Hieruit blyk dat dit histories begryplik is hoekom van adjektiewiese verbuiging in Afrikaans gepraat word, maar essensieel het ons hier geen fleksie-funksie nie, omdat die uitgang niks te doen het met 'n onderskeiding ten opsigte van genus, getal of naamval nie, en dus is die term „verbuiging” hier minder juis.

Die uitsakking van die genus-onderskeiding met sy nawerkinge verteenwoordig een van die markantste verskille tussen Afrikaans en Nederlands.

(b) *Meervoudsvorming met uitgang -s*

Terwyl ons met die vorige paragraaf die gebied van die vormleer betree het en onder meer gelet het op die bepaalde lidwoord en die verbuiging van die b.nwd., kan ons, aangesien daar toe van die s.nwde. sprake was, dit nou nader betrag. Eintlik is die verskille hier opvallend klein.

Die s.nwd. kan fleksieveranderinge ondergaan t.o.v.

naamval, getal en genus. Oor laasgenoemde het ons dit reeds gehad, en wat eersgenoemde betref, maak sowel die Nederlandse as die Afrikaanse Algemeen-Beskaafd geen lewendige gebruik van kasusuitgange meer nie, behalwe as reste, waarvan Ndl. 'n groter vrag meevoer.

Alleen nog die verbuiging ter wille van meervoudsaanduiding is in albei aktief. By al die ooreenkoms om dit deur middel van *-e(n)* en *-s* uit te druk, is daar tog een belangrike verskil: in Afrikaans is die neiging om meervoude met *-s* te vorm sterker en baie agressief.

In Ndl. kry ons dit, behalwe by vreemde woorde, veral uit Frans (*dames, inspekteurs, aktrises, buro's, komitees*), by 'n klein klompie woordpare en 'n kleiner groepie uitsonderinge (*ooms, koks*), in die reël by verkleinwoorde (*handjes en voetjes*), by woorde wat eindig op *-aar, -aard* en *-ier* (*molenaars, luiiaards, winkeliers*) en meestal by woorde wat uitgaan op *-em, -el, -en* en *-er* (*bezems, sleutels, wagens, emmers*). Maar as geheel beskou en vergeleke met die aantal wat op *-en* uitgaan, is die op *-s* in Ndl. betreklik gering. In Afrikaans aan die ander kant is hulle die reël as die aksent nie op die laaste lettergreep val nie, m.a.w. die keuse tussen *-e* en *-s* word in Afrikaans (afgesien van taai uitsonderinge) sterk bepaal volgens die plek van die hoofklem. Die ritmiese beginsel tree dus hier in Afrikaans as vormkrag op. Om dit te verduidelik, kan gewys word op gevalle waar 'n stryd gevoer word tussen die oorgeërfde (of Nederlandse) meervoudsvorm op *-e* en die jongere op *-s*. Naas die oorgeërfde *bewéginge, ontdekkinge, herbálinge* e.d.m. staan die in die beskaafde taal eers later erkende *bewegings* ens. Vir baie Afrikaners klink die wisselvorm op *-e* in hierdie pare reeds deftig, ouderwets of boekagtig, b.v. in *rekeninge, stakinge*

naas *stakings*, *botsinge* naas *botsings*, *forme* naas *forms*. In ander woorde is die meervoudsvorm op *-e* reeds totaal verdring of val die afgeslyte meervoud saam met die enkelvoudsvorm, sodat 'n nuwe mv. opkom (*wurms*; *skelms*; *neefs*; en daarnaas die pare *hoogte* / *hoogtes*; *waarde* / *waardes*; *boete* / *boetes*; wat vergelyk moet word met Nederlands: *hoogte* / *hoogten* ens.

Die substantivering van b.nwde. (aanvanklik in eliptiese verband) het 'n ruim gebied vir meervoudsvorming deur middel van die uitgang *-s* oopgestel en 'n nuwe kloof tussen Ndl. en Afr. oopgespoel. Vergelyk: die *armes*, die *blindes en dowes en oues* van dae; julle *jonges* en *jongeres* en *jongstes*; die *siekes* en *gesondes*.

§6.—By die Voornaamwoorde

(a) *Verlies en Behoud van Genusonderskeidinge*

Met uitsondering van die werkwoorde is daar geen enkel gebied in die vormleer waar die verskil tussen Afrikaans en Nederlands groter is as by die voornaamwoord nie. Hier het ingrypende veranderinge in die rigting van vereenvoudiging ingetree en baie soorte onderskeidinge het grotendeels of geheel weggeval.

In die eerste plaas is weer opvallend hoe dikwels die genusverskille uitgeskoffel is. In Ndl. is daar by die pers. v.nwd. 'n onsydige derde persoon *het* wat in Afr. verdwyn het (behalwe in reste soos *as 't ware*) of deur 'n ander woord (*dit*) verdring is. *Wij zijn het* word *dit is ons*.

By die besitlike v.nwde. staan *ons* voor onsydige s.nwde in die enkelvoud, andersins is dit *onze* — in Afrikaans het *onze* verdwyn, behalwe in 'n uitroep en in versteninge (*Onse! Onse Vader*). So ook is Afr. ontslae

van genusonderskeidinge in wendinge soos: *jouw boek is mooier dan het mijne, maar jouw hoed lelijker dan de zijne*, of: *mijn paard is beter dan dat van mijn oom*.

By die aanwysende v.nwd. val *deze* (manlik en vroulik) en *dit* (onsydig) saam in die genuslose en nadruklike *hierdie*, net soos *die* en *dat* in *daardie* en *de-* en *betselfde* in *dieselfde*. *Degene* bly egter as *diegene* (slegs vir persone) maar *datgene* (onsydig) val totaal weg.

By die vraende v.nwde. is die verskil tussen die twee taalvorme gering. Afr. behou *wie?*, *wie se?* of *wie s'n?* vir mense, origens is dit *wat?* *wat se?* Aan die ander kant is *welk(e)?* uitgestoot en word *wat voor?* in Afrikaans 'n genuslose *watter?* of *wat se?* met 'n uitgebreider gebruik.

By die betreklike v.nwde. is die kloof weer veel dieper. Wel behou Afr. in die verbinding met *se* of met voorsetsel vir persone *wie* (die man *wie se* boek jy het; die man *met wie* jy praat; vergelyk vir diere en dinge: die mes *waarmee*); maar daar eindig dit ook. Waar Ndl. vir manlik en vroulik enkelvoud *die* en vir onsydig *dat* in die eerste naamval het, ken Afrikaans nóg die een nóg die ander as lewende betreklike v.nwd. en gebruik in die plek daarvan die genuslose *wat* (die man *wat . . .*; die kind *wat . . .*; die vrou *wat . . .*, teenoor die Ndl. de man (de vrouw) *die . . .*; het kind *dat . . .*)

Die belangrikste oorblyfsel van die geslagsonderskeidinge is by die derde persoon van die pers. v.nwd. (*hy, sy, dit*). Dit bly ook behoue in die naamvalsforme, behalwe in die veelseggende afwyking van die geslagslose partikel *se* (moeder *se* hoed).

Om saam te vat: Afr. onderskei nog alleen tussen voornaamwoordelike genusvorme om òf persone teenoor

dinge (nie-persone) aan te dui (in vragende v.nwde. en soms in die casus obliqui van betreklike v.nwde.) òf om tussen manlik, vroulik en gemeenslagtelik te onderskei (nl. in die derde pers. van die persoonlike v.nwd., en dan ook alleen in die enkelvoud, sowel as in die vorme wat hiervan afgelei is.)

Afrikaans het dus in sy voornaamwoordelike stelsel baie ver ontwikkel op koers na 'n genuslose toestand, d.w.s. na die uiterste konsekwensie. Veel ruimte vir verdere vereenvoudiging is nie meer oor nie. En tog is daar 'n opvallende uitsondering waar Algemeen-Beskaafde Ndl. Afr. juis op die besondere gebied die loef afsteek. Die genuslose *zich*, eintlik 'n ou onsydige vorm, wat as wederkerende v.nwd. in die derde persoon in Ndl. diens doen, ken Afr. nie en behelp hom in die plek daarvan met *hom*, *haar* en *bulle*, b.v. *hy was hom* / *sy was haar* / *die hond was hom* / *hulle was bulle*. In Ndl. staan daarteenoor: *hij*, *zij*, *het wascht zich*, *zij wasschen zich*. Die refleksief verander glad nie en is dus onafhanklik van geslag en getal.

(b) *Verlies en Behoud van Naamvalsonderskeidings* ✓

Dat ook die voornaamwoorde vroeër tussen naamvalle onderskei het, blyk nog uit 'n klompie gefossileerde wendinge, b.v. die aanwysende v.nwde. staan in die genitief in *desgewens*; *desondanks*; *dergelike*; 'n *deskundige*. Ook die spreekwoorde bewaar dikwels die toestand, soos in: *wiens* brood men eet, *diens* woord men spreek. Datiefvorme sien ons in: in *dier* voege, e.d.

Van lewendige casusaanduidings het in die huidige Nederlandse Algemeen-Beskaafd weinig oorgebly, en in Afrikaans het dit ook byna totaal verdamp. Hier is veral sprake van die persoonlike voornaamwoorde.

By die pers. v.nwde. bly ons, net soos in Ndl., onderskei tussen die onderwerpsvorm (nominatief) en 'n voorwerpsvorm (direk en indirek, d.w.s. vierde en derde naamval) — maar in Afrikaans hou ons dit slegs vol in die enkelvoud, terwyl Ndl. dit bowendien nog bewaar in die meervoud. Vergelyk: *ek sien die oom /die oom sien my; jy /jou; hy /hom; sy /haar; dit /hom (en dit)*. In die meervoud het Ndl. nog bowendien *wij /ons; (jullie /jullie); zij /hun* (datief) en *zij /ben* (akkusatief) vir manl. en onsydig, en *zij /haar* vir vroulik. In Afr. het ons daarteenoor *ons /ons; julle /julle; bulle /bulle* en *u /u* (ook enkelv.) — dus geen onderskeid hoegenaamd nie. Die onderwerpsvorme *wij* en *zij* is dus vervang deur vorme uit die casus obliqui, soos ook in Ndl. reeds gebeur het in die tweede pers., sowel met *jullie* as met *u*. Terloops word gemeld dat die casusverskil tussen *ben* en *bun* van bo af op die taal afgedwing is en derhalwe aanvanklik kunsmatig was, en ook dat in die Haagse dialek *bun* in die plek van die onderwerpsvorm *zij*, en in Seeus *ons* in die plek van *wij* voorkom. Vreemd genoeg het die geleerdes van die begin af veel te sê gehad omdat *ons* in Afr. in die plek van *wij* gaan heers het, maar weinig oor die minstens ewe opvallende harmonisering in die tweede en derde persoon meervoud.

(c) *Nuwe Voornaamwoordelike tipes*

By die besittlike v.nwde. is daar in die derde pers. mv. 'n *bulle* in plaas van die Ndl. *bun* of *haar*, origens is dit in die byvoeglike gebruik naastenby eenders. Maar by die selfstandige gebruik het daar 'n interessante nuwe verandering ingetree. Waar in Ndl. gesê word: *deze boed is de mijne, de zijne*, ens., val in Afr. die lidwoord weg: *bierdie boed is myne, syne*, ens. In die geval van

die derde persoon vergemaklik dit die oorgang van *syne* tot 'n besitlike partikel in ander verbindings; *bierdie boed is Piet syne*, verdof tot *Piet-sinne* en afgestomp tot *Piet-sin*, geskryf as *Piet s'n*. Hiervandaan of hiernaas het dit (indien nie oorge-erf nie) waarskynlik toe uitgebrei na die meervoud, *bulle s'n*, en selfs na die eerste en tweede persoon; *ons s'n*, *julle s'n*. Dat hierdie enkelvoudspossessief *syne* ook in die meervoud gebruik kan word, toon aan dat dit nie meer gevoel word as behorende by die manlike of onsydige enkelvoud nie, m.a.w. die besitlike funksie oorheers nou die ander funksies van getal en genus.

Presies dieselfde merk ons op by die parallel-lopende possessiewe partikel *se*, b.v. *ma se boed* teenoor die vroeër *ma haar boed*, en selfs in die meervoud: *die moeders se boede*.

Net soos *s'n* in selfstandige en *se* in byvoeglike gebruik ontwikkel en na die meervoud uitgebrei het, het daar nog 'n ander soort tipe opgekom, nou net beperk tot die meervoud en tot persone: *pa-bulle*, *my oom-bulle*. Nederlands ken dit nie.

'n Ander ontwikkeling lei tot 'n splinternuwe Dietse woord. Reeds in Middelnederlands was die volgende heel gewoon: *mijntwil(le)*; *mijntwege(n)*; *mijntbalve*. Die *t* is hier na die verboë vorm van *mijn* ingeskuif. ('n emfatiese versterking van die woordeinde). Deur aanpassing of substitusie het die gewone voorvoegsel *ont-* die plek ingeneem van die fleksie-uitgang *-en* plus ingeskowe *t* (*-ent-*) in *mijntbalve*, en het dus *mijntontbalve* geword; en toe die woord nog 'n *vir* kon voorkry, het dit soos 'n gekraakte klip in stukke losgebreek. Vandaar: *vir my ontbalwe*, wat nou tot ander gevalle

uitgebrei word, b.v. *vir Jan se onthalwe*, sodat ons 'n nuwe wending en tegelyk 'n nuwe woord het wat nie in A.B. Ndl. bestaan nie.

Miskien alleen aan Afr. eie is die gebruik van *die* om na 'n hele sin terug te verwys, waarskynlik 'n ellips met kompenserende nadruksaksent op dié, bv. in: *Ek het jou lank laas gesien, dis die dat ek jou nie berken het nie*, (uit: *dit is die rede dat*).

§7.—By die Werkwoorde

Met die eerste oogopslag reeds is dit duidelik dat die gebied waar Afrikaans hom uiterlik die sterkste van Nederlands onderskei, die werkwoord is. Ndl. self het, vergeleke by Grieks en Latyn, nie so veel buigingsvorme oorgehou nie, maar ook die weiniggie het Afr. nagenoeg heeltemal van hom afgeskud.

Daar is van persoonsverskille al haas niks meer in Algemeen-Beskaafde Nederlands te merk nie, veral nie in die uitspraak nie (b.v. in: ik *hoor*, jij, u en hij, zij, het *hoort* /ik, jij, u, hij, zij, en het *hoorde*), maar in die getal tree die verskil baie lewendig en opdringerig aan die dag, hoewel dan nog slegs in die eerste en derde persoon. Vergelyk die pare: ik *hoor* /wij *bore(n)*; hij *hoort* /zij *bore(n)*; ik *hoorde* /wij *hoorde(n)*; hij *hoorde* /zij *hoorde(n)*; ik *heb (had)gehoord* /wij *hebben (hadden) gehoord*; hij *zal boren* /zij *zullen boren*, ens. Dié onderskeid word dwarsdeur volgehou by alle tye, wyses en vorme. As 'n algemene reël kan ons sê dat die kenmerk van die meervoud (eerste en derde persoon) 'n uitgang *-e(n)* is in teenstelling met die enkelvoudsvorm.

In al hierdie gevalle (en sonder inagneming van reste, soos die *t* van die 3e pers. enkelv. *dit reent, dit behoort*) het die werkwoord in Afrikaans net die blote stam oor-